Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORGESTELDE BEPLANNING van ONDERRIG en ASSESSERING

# Graad 9 Skeppende Kunste: Dans 2021

| KWARTAAL 1<br>45 dae | Week 1<br>(3 dae)<br>27–29 Januarie | Week 2<br><br>1–5 Februarie | Week 3<br><br>8–12 Februarie | Week 4<br><br>15–19 Februarie | Week 5<br><br>22–26 Februarie | Week 6<br><br>1–5 Maart | Week 7<br><br>8–12 Maart | Week 8<br><br>15–19 Maart | Week 9<br>(4 dae)<br>23 – 26 Maart | Week 10<br>(3 dae)<br>29 – 31 Maart |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KABV-onderwerpe | **Dansuitvoering**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | |
| **Begrippe, Vaardighede en Waardes** | **Dansuitvoering**<br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br><br>**Basislynassessering**<br>Dit kan in verskillende formate wees gebaseer op danskonsepte, terminologie en belangrike danselemente wat in graad 8 aangeleer was.<br>Die basislyn kan die volgende insluit, maar is nie beperk tot:<br>• Vraelys oor die belangrikheid en doel van opwarming en afkoeling, begrip van postuur en liggaamsbelyning.<br>• Die identifisering van dans praktiese aktiwiteite met visuele hulpmiddels: ruggraatrolle, oogfokus, artikulasie van die voete en enkels.<br>• Breinkaarte oor: gedragskode, beheer, vloerwerk, danselemente – tyd, ruimte, simmetrie, patrone, krag ens.<br>• Opvoedkundige en aanlyn speletjies.<br>• Werkkaarte of diagramme.<br>• Klasbespreking - mondelingse vraag en antwoord of groepbesprekings. | | **Dansuitvoering**<br>1. **Danskonvensies:** groet en gebruik van ruimte.<br>2. **Opwarming:** van die ruggraat, swaai/strek van arms.<br>3. **Vloerwerk:** kernstabiliteitsoefeninge vir rug- en abdominalespiere - ronding en verlenging van die ruggraat en sywaartse buigings.<br>4. **Afkoeling** deur ontspannings-oefeninge.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Verkenning van natuurlike gebare.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Belangrikheid van goeie postuur en liggaamsbelyning. | **Dansuitvoering**<br>1. **Danskonvensies:** gaan voort met die fokus op klasdissipline en respek.<br>2. **Opwarming:** gaan voort deur uitvalstande ('lunges') by te voeg.<br>3. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit:** kniebuigings en stygings ('rises') in parallel.<br>4. **Afkoeling** met ontspanningsbeelde.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Gaan voort deur gebare te wissel deur oordrywing, stadige aksie en herhaling. | **Dansuitvoering**<br>1. **Opwarming:** bou voortdurend aan 'n opwarmingsroetine – insluitend ruggraat opwarming, armswaaie, strekke, uitvalstande ('lunges') en sywaartse buigings.<br>2. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit:** gaan voort in 'n uitgedraaide posisie.<br>3. **Voete-opwarming**<br>4. **Afkoeling** deur stadige strekbewegings by te voeg.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisiestrukture: begin en einde, herhaling en stiltes. | **Dansuitvoering**<br>1. **Opwarming:** voeg by kniebuigings en styg in parallelle en uitgedraaide posisies, gebruik kombinasies van lokomotoriese stappe deur in die ruimte te beweeg en van rigting te verander.<br>2. **Voete-opwarming:** voeg klein springsekwense by.<br>3. **Afkoeling** met ontspanningsbeelde en stadige strekke.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n danssekwens in pare (indien moontlik), gebaseer op gebare met 'n duidelike begin en einde.<br><br>**Dansterminologie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie | **Dansuitvoering**<br>1. **Opwarming:** roetine is gevestig.<br>2. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit:** vaslegging van vorige week se oefeninge.<br>3. **Voete-opwarming:** vaslegging van vorige week se oefeninge.<br>4. **Afkoeling** met ontspanningsbeelde en stadige strekke.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Die komposisie van 'n sekwens vervolg met byvoeging van herhaling en stiltes.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie<br>Gebruik van veilige landings. | **Dansuitvoering**<br>Voorbereiding vir Formele Asseseringstaak (FAT).<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n sekwens in pare (indien moontlik), gebaseer op gebare: duidelike begin en einde, herhaling en stiltes. | **Formele Praktiese Assesseringstaak (FAT)**<br><br>**Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n sekwens in pare (indien moontlik), gebaseer op gebare: duidelike begin en einde, herhaling en stiltes.<br><br>**50 punte met 'n matriks geassesseer** | |
| | *Dansteorie en -geletterdheid is geïntegreer met Dansuitvoering, Dansimprovisasie en -komposisie. Leerders pas teoretiese konsepte deurlopend toe in 'n praktiese aktiwiteit.* | | | | | | | | | |
| **Vereiste Voorkennis** | Basiese en ontwikkelende Danstegnieke; verstaan begrippe soos gedragskode, opwarming, lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings; basiese begrip van danselemente soos tyd, ruimte, veilige landing; verstaan en pas korrekte postuur en liggaamsbelyning toe. | | | | | | | | Voorbereiding vir Dansuitvoering gedurende die afgelope 8 weke.<br>Uitvoeringsvaardighede, gehoorgedrag en teateretiket. | |
| **Hulpbronne** (buiten handboek) **om leer te versterk** | Oop en voldoende klaskamerruimte / CD-speler / Interaktiewe Witbord / Dataprojekteerder / Skootrekenaar<br>Rekwisiete / Prente / Foto's / Stories / Gedigte / Anekdote / Kwinkslae / Video-uittreksels / Toepaslike Elektroniese Toepassings, bv. EdPuzzle; PowToons; Canva; Book Creator, ens<br><br>Lesplanne: [https://bit.ly/37WLphE](https://bit.ly/37WLphE) | | | | | | | | Geskikte ruimte vir uitvoering: klaskamer, saal, verhoog, ens. / CD-speler<br>Video-/selfoonkamera (opsioneel) | |
| **Informele Assessering en Remediëring** | Voortdurende informele assessering deur middel van waarneming, leerders se voortdurende besinning in werkboeke (joernale, werkblaaie, legkaarte, vasvrae, klastoetse, ens.) wat deur die leerder self, 'n klasmaat of die onderwyser geassesseer word. | | | | | | | | | |
| | Werkboek: breinkaart/ werkkaart/ diagram/ vasvrae/ prente/ speletjies oor danselemente verken in graad 8. | Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor die belangrikheid en doel van opwarming en afkoeling. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: breinkaart oor Gedragskode en werkkaart/vraelys oor goeie postuur en liggaamsbelyning. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: voortbou op Gedragskode en ondersoek gebruik van gebare in 'n danskomposisie by wyse van werkkaart/ diagram/ breinkaart/ visuele hulpmiddels, ens. | Waarneming, syafrigting en leiding op komposisie-strukture: begin en einde, herhaling en stiltes. Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor komposisie strukture. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats. Werkboek: verken nuwe dansterminologie en die belangrikheid van kern en ruggraat by wyse van werkkaart/visuele hulpmiddels. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats na afgeronde dansuitvoering. Klasmaats assesseer danssekwens met fokus op duidelike begin en einde – werkblad vir portuurassessering. | Repetisie; leiding deur onderwyser en klasmaats om 'n afgeronde dansuitvoering te verseker. Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor danssekwens met fokus op begin, einde, herhaling en stiltes. Indien moontlik, besinning oor samewerking in pare. | Klaskamerbespreking en kritiese besinning deur die gebruik van dansterminologie wat die afgelope weke aangeleer was. | |
| SGA (Formele Assessering) | **Formele Assesseringstaak: Dansuitvoering** | | | | | | | | | |

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| KWARTAAL 2<br>51 dae | Week 1<br>(4 dae)<br>13–16 April | Week 2<br><br>19–23 April | Week 3<br>(4 dae)<br>26–30 April | Week 4<br><br>3–7 Mei | Week 5<br><br>10–14 Mei | Week 6<br><br>17–21 Mei | Week 7<br><br>24–28 Mei | Week 8<br><br>31 Mei–4 Junie | Week 9<br><br>7–11 Junie | Week 10<br><br>14–18 Junie | Week 11<br><br>21–25 Junie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KABV-onderwerpe** | **Dansuitvoering**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | |
| **Begrippe, Vaardighede en Waardes** | **Dansuitvoering**<br><br>Danskonvensies: konsolidasie van werk gedoen in Kwartaal 1.<br><br>1. **Opwarming:** vaslegging van Kwartaal 1 roetine.<br><br>2. **Vloerwerk:** hersien kernstabiliteit om rug- en abdominale spiere te versterk, fokus op asemhaling.<br><br>3. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit:** uitwaartse heuprotasie; beweging in die heupgewrig – veebewegings en skoppe.<br><br>4. **Draaie:** op die plek, met oogfokus.<br><br>5. **Afkoeling** met stadige, veilige strekking soos in Kwartaal 1, met fokus op asemhaling.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Hersiening van werk wat in Kwartaal 1 gedoen was. Gedragskode verwys na klasplakkate en werkboeke. | | **Dansuitvoering**<br><br>1. **Opwarming:** fokus op veilige dansoefeninge, plaas knieë oor middel-tone tydens buig oefeninge.<br><br>2. **Vloerwerk:** voeg vloeiende bewegings by en verlenging vanaf 'n sterk senter.<br><br>3. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit:** voeg balansering op een been by.<br><br>4. **Draaie:** op die plek, voeg by beweging met oogfokus.<br><br>5. **Afkoeling** deur veilig en stadige strekking.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Verken verhoudings (werk in pare): ontmoet en vertrek, roep en antwoord, blind en lei, positiewe en negatiewe vorms, gee en ontvang van gewig.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie - name van danspassies, danselemente (tyd, ruimte, krag). | | **Dansuitvoering**<br><br>1. **Opwarming:** voeg fokus op plasing van voete en arms by.<br><br>2. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit:** kniebuiging met koördinerende arms en gewigsverplasing teen 'n stadige pas met beheer en balans.<br><br>3. **Artikulasie van voete:** klein sprongsekwense met rigtingverandering.<br><br>4. **Leer danspassies en styl** van 'n inheemse Suid-Afrikaanse dans.<br><br>5. **Afkoeling** met veilig en stadige strekking.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie - name van passies soos gedek in die praktiese komponent.<br>Besprekings oor die Suid-Afrikaanse Inheemse dans aangebied in die praktiese komponent. | | **Dansuitvoering**<br><br>1. **Opwarming:** gaan voort met die fokus op die gebruik van 'n sterk, verhewe senter.<br><br>2. **Artikulasie van voete:** gaan voort met klein sprongreekse en rigtingverandering.<br><br>3. **Leer danspassies en styl** van 'n Inheemse Suid-Afrikaanse dans.<br><br>4. **Afkoeling** met veilig en stadige strekking.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisiestrukture: oorgange tussen bewegings, eenhede/harmonieuese bewegings en kanon.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie - name van passies soos gedek in die praktiese komponent. Danselemente van tyd, ruimte en krag. | | **Dansuitvoering**<br><br>Voorbereiding vir Formele Assesseringstaak (FAT).<br><br>1. **Opwarmingsroetine**<br>2. **Vloerwerk**<br>3. **Beenspier- en gewrigsversterking mobiliteit**<br>4. **Draaie**<br>5. **Artikulasie van voete**<br>6. **Danspassies van 'n Inheemse Suid-Afrikaanse dans**<br>7. **Afkoeling**<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisiestrukture wat verhoudings in dans ondersoek.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Konsolideer en voltooi alle werk ter voorbereiding vir die geskrewe assessering. | **Prakties en Geskrewe Formele Assessering**<br><br>**Formele Praktiese Assessering**<br>**Dansgroepuitvoering – Inheemse Suid-Afrikaanse Dans:**<br>• Tegniek<br>• Improvisasie en samestelling<br><br>**50 punte – geasseseer met 'n matriks.**<br><br>**Formele Geskrewe Assessering**<br>(Werk van Kwartaal 1 en 2)<br><br>**Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterheid**<br>• Terminologie<br>• Elemente van dans<br>• Veilige dansoefening<br>• Dansgeletterdheid<br>• Selfrefleksie<br><br>**Kognitiewe vlakke:**<br>Laer orde: 30%; Middelorde: 40%<br>Hoër orde: 30%<br><br>**50 punte geassesseer met 'n memorandum** | |
| **Vereiste Voorkennis** | Basiese en ontwikkelende Danstegnieke; verstaan begrippe soos opwarming, veilige dansoefeninge, lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings; basiese begrip van danselemente soos tyd, krag, ruimte, vorms; begrip en toepassing van verhoudings in dans; basiese aanleer van passies van 'n Suid-Afrikaanse Inheemse dansstyl. | | | | | | | | | Voorbereiding vir Dansuitvoering gedurende die afgelope 9 weke.<br>Uitvoeringsvaardighede, gehoorgedrag en teateretiket. | |
| **Hulpbronne** (buiten handboek) **om leer te versterk** | Oop en voldoende klaskamerruimte / CD-speler / Interaktiewe Witbord / Dataprojekteerder / Skootrekenaar<br>Rekwisiete / Prente / Foto's / Stories / Gedigte / Anekdote / Kwinkslae / Video-uittreksels / Toepaslike Elektroniese Toepassings, bv. EdPuzzle; PowToons; Canva; Book Creator, ens<br><br>Lesplanne: https://bit.ly/3qjM0m3 | | | | | | | | | Geskikte ruimte vir uitvoering: klaskamer, saal, verhoog, ens. / CD-speler<br>Video-/selfoonkamera (opsioneel) | |
| **Informele Assessering en Remediëring** | Voortdurende informele assessering deur middel van waarneming, leerders se voortdurende besinning in werkboeke (joernale, werkblaaie, legkaarte, vasvrae, klastoetse, ens.) wat deur die leerder self, 'n klasmaat of die onderwyser geassesseer word. | | | | | | | | | | |
| | Werkboek: hersien Gedragskode en dansterminologie van vorige kwartaal by wyse van breinkaarte/ werkkaarte/ diagram/ vraelys/ opvoedkundige speletjies, ens. | Werkboek: hersien gebruik van gebare, belangrikheid van opwarm en afkoel, postuur en liggaamsbelyning by wyse van breinkaarte/ werkkaarte/ diagram/ vraelys/ opvoedkundige speletjies, ens. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: verken verskillende verhoudings tussen danspare by wyse van breinkaart/ werkkaart of joernaal. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: verken danselemente soos tyd, ruimte en krag by wyse van vraelys/ werkkaart/ opvoedkundige speletjies/ visuele hulpmiddels, ens. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om Suid-Afrikaanse Inheemse dansstyl en passies aan te leer. Werkboek: navorsing en verken 'n Suid-Afrikaanse Inheemse dansstyl by wyse van visuele hulpmiddels/ werkkaart/ vraelys/ internet bronne, ens. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om Suid-Afrikaanse Inheemse dansstyl en passies aan te leer. Werkboek: verken nuwe dansterminologie by wyse van breinkaarte/ werkkaart/ vraelys/ diagram, ens. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats na afgeronde dansuitvoering. Klasmaats assesseer dansimprovisasie en -komposisie met fokus op komposisiestrukture – werkblad vir portuurassessering. | Repetisie; leiding deur onderwyser en klasmaats om 'n afgeronde dansuitvoering te verseker. Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor dansimprovisasie en -komposisie met fokus op komposisiestrukture. | Klaskamerbespreking en kritiese besinning deur die gebruik van dansterminologie wat die afgelope weke aangeleer was. | Klaskamerbespreking en kritiese besinning deur die gebruik van dansterminologie wat die afgelope weke geleer is. | |
| **SGA (Formele Assessering)** | **Formele Assesseringstaak: Dansuitvoering en Geskrewe Assessering** | | | | | | | | | | |

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| KWARTAAL 3<br>52 dae | Week 1<br>(4 dae)<br>13–16 Julie | Week 2<br><br>19–23 Julie | Week 3<br><br>26–30 Julie | Week 4<br><br>2-6 Augustus | Week 5<br>(4 dae)<br>10-13 Augustus | Week 6<br><br>16-20 Augustus | Week 7<br><br>23-27 Augustus | Week 8<br><br>30 Aug–3 Sept | Week 9<br><br>6-10 September | Week 10<br><br>13-17 Sept | Week 11<br>(4 dae)<br>20-23 Sept |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KABV-onderwerpe** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie** | |
| **Begrippe, Vaardighede en Waardes** | **Dansuitvoering**<br><br>Danskonvensies: konsolidasie van werk gedoen in Kwartaal 1 en 2.<br><br>1. **Opwarming:** gaan voort met die ontwikkeling van 'n roetine deur te fokus op veilige dansoefeninge en kinestetiese bewustheid (korrekte plasing van liggaam in die ruimte).<br><br>2. **Beenoefeninge:** versterking en verlenging van spiere en brei uit op gewrigsmobiliteit.<br><br>3. **Opbou van stamina** deur lugspronge, spronge en galoppe.<br><br>4. **Afkoeling** deur vloeiende liriese bewegings.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Verkenning van danselemente: kontrasterende dinamika.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie - in die klas sowel as in werkboek.<br>Dansgeletterdheid - bespreking van 'n dans hetsy soos op 'n verhoog, in die samelewing, op televisie of op DVD gesien (met verwysing na genre, konteks, beskrywing van beweging, begeleiding en vindingrykheid). | | **Dansuitvoering**<br><br>1. **Opwarming:** voeg kniebuigings by (knieë oor middel-toon en sterk kern).<br><br>2. **Beenoefeninge:** voeg lae vee-bewegings en skoppe by.<br><br>3. **Opbou van stamina** deur verkenning van groot motoriese-bewegings-kombinasies.<br><br>4. **Afkoeling** deur in pare te ondersoek/verken (indien moontlik).<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Verken idees, stemming en/of gedagtes deur middel van beweging en deur verskillende stimuli te gebruik.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie - reflekteer op Onderwerp 2 in werkboeke. | | **Dansuitvoering**<br><br>1. **Opwarming:** voeg by stygings ('rises') met armkoördinasie.<br><br>2. **Beenoefeninge:** voeg hoë vee-bewegings en skoppe by.<br><br>3. **Opbou van stamina** gaan voort met verskillende musiekgenres en ritmes.<br><br>4. **Leer 'n vinnige, kort danssekwens.**<br><br>5. **Afkoeling** met rustige strekke.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van bewegingsekwens gebaseer op stimulus.<br><br>**Danstermologie en -geletterdheid**<br>Dansterminologie - besin in werkboek oor die komposisie van 'n bewegingsekwens soos in Onderwerp 2. | | **Vaslegging ter voorbereiding vir formele assessering:**<br><br>1. **Opwarming:** voeg vloeiendebewegings van arms by.<br><br>2. **Beenoefeninge:** sirkelbewegings vanaf die heupe.<br><br>3. **Opbou van stamina** deur variasies in dinamika (spoed, energie) by te voeg.<br><br>4. **Leer 'n vinnige, kort danssekwens.** Gee aandag aan vinnige voetwerk.<br><br>5. **Afkoeling** met stadige strekking.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n bewegingsekwens gebaseer op stimulus.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Vergelyking tussen twee dansvorme in Suid-Afrika: oorsprong, kultuur, tipe bewegings. | | **Dansuitvoering**<br><br>Voorbereiding vir Formele Asseseringstaak (FAT).<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n bewegingsekwens gebaseer op stimulus. | **Formele Praktiese Assesseringstaak (FAT)**<br><br>**Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n bewegingsekwens gebaseer op stimulus.<br><br>**50 punte met 'n matriks geassesseer** | |
| **Vereiste Voorkennis** | Basiese en ontwikkelende danstegniek; verstaan begrippe soos opwarming, veilige dansoefeninge, kinestetiese bewustheid; basiese begrip van danselemente soos kontrasterende dinamika; verstaan en verken verskeidenheid stimuli om 'n danskomposisie te skep/choreografeer. | | | | | | | | | Voorbereiding vir Dansuitvoering gedurende die afgelope 9 weke.<br>Uitvoeringsvaardighede, gehoorgedrag en teateretiket. | |
| **Hulpbronne** (buiten handboek) **om leer te versterk** | Oop en voldoende klaskamerruimte / CD-speler / Interaktiewe Witbord / Dataprojekteerder / Skootrekenaar<br>Rekwisiete / Prente / Foto's / Stories / Gedigte / Anekdote / Kwinkslae / Video-uittreksels / Toepaslike Elektroniese Toepassings, bv. EdPuzzle; PowToons; Canva; Book Creator, ens<br><br>Lesplanne: https://bit.ly/36nNNPa | | | | | | | | | Geskikte ruimte vir uitvoering: klaskamer, saal, verhoog, ens. / CD-speler<br>Video-/selfoonkamera (opsioneel) | |
| **Informele Assessering en Remediëring** | Voortdurende informele assessering deur middel van waarneming, leerders se voortdurende besinning in werkboeke (joernale, werkblaaie, legkaarte, vasvrae, klastoetse, ens.) wat deur die leerder self, 'n klasmaat of die onderwyser geassesseer word. | | | | | | | | | | |
| | Werkboek: hersien dansterminologie, -vaardighede en -tegnieke van vorige kwartale by wyse van breinkaarte/ werkkaarte/ diagram/ vraelys/ opvoedkundige speletjies, ens. | Navorsing en klasbespreking, groepbespreking of individuele besinning oor impak van **lewendige** dansuitvoering by wyse van joernaal/ werkkaarte/ vraelys/ visuele hulpmiddels/ internet bronne, ens. | Maak gebruik van verskillende stimuli soos rekwisiete/ musiek/ gedigte/ aanhalings of prente sodat leerders stemming kan identifiseer en idees kan verken. Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: besinning en verkenning van nuwe dansterminologie deur middel van joernaal/ werkkaart of breinkaart, as 'n reaksie op stimuli wat in die klas aangebied was. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats. Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor dansimprovisasie en -komposisie met fokus op komposisiestrukture en bewegingsekwens. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats na afgeronde dansuitvoering. Klasmaats assesseer bewegingsekwens – werkblad vir portuurassessering. | Werkboek: navorsing en verkenning van twee Suid-Afrikaanse dansvorme met behulp van visuele hulpmiddels/ internetbronne/ tydskrifte/ koerante, ens. Besin en vergelyk deur middel van joernaal/ vraelys/ werkkaart/ klasbespreking, ens. | Repetisie; leiding deur onderwyser en klasmaats om 'n afgeronde dansuitvoering te verseker. Werkboek: besin oor nuwe dansterminologie ontdek tydens navorsing oor twee Suid-Afrikaanse dansvorme – breinkaart/ werkkaart. | Klaskamerbespreking en kritiese besinning deur die gebruik van dansterminologie wat die afgelope weke geleer is. | |
| **SGA (Formele Assessering)** | **Formele Assesseringstaak: Dansuitvoering** | | | | | | | | | | |

| KWARTAAL 4<br>47 dae | Week 1<br>(4 dae)<br>5–8 Oktober | Week 2<br>11–15 Oktober | Week 3<br>18–22 Oktober | Week 4<br>25–29 Oktober | Week 5<br>1–5 November | Week 6<br>8–12 November | Week 7<br>15–19 November | Week 8<br>22–26 November | Week 9<br>29 Nov-3 Des | Week 10<br>(3 dae)<br>6–8 Desember |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KABV-onderwerpe | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | | **Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterdheid** | |
| **Begrippe, Vaardighede en Waardes** | **Dansuitvoering**<br><br>Danskonvensies: konsolidering van werk gedoen in Kwartaal 1 tot 3.<br><br>**Hersien praktiese klaswerk** soos geleer in Kwartale 1 tot 3 deur te besin oor kwartaal 3 se Formele Praktiese Assesseringstaak.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Hersien dansteorie en -geletterdheid van Kwartale 1 tot 3. | | **Dansuitvoering**<br><br>**Bemeestering van die dansklas:** aandag aan detail, korrekte postuur en liggaamsbelyning, en veilige landings vanaf sweefbewegings, ter voorbereiding vir formele assessering.<br><br>**Groep/Individuele dansseskwens:** toewyding tot beweging, fokus, musikaliteit en ruimtelike bewustheid tussen danser/s.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Komposisie van 'n bewegingsekwens (individueel, met 'n maat of in 'n groep), met gebruik van 'n tema en rekwisiet.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Besin oor dansteorie en -geletterdheid in werkboek. | | **Dansuitvoering**<br><br>**Bemeestering van die dansklas:** vaslegging van vorige week.<br><br>**Groep/Individuele danssekwens:** toewyding tot beweging, fokus, musikaliteit en ruimtelike bewustheid tussen danser/s.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Gaan voort met bewegingsekwens deur verkenning van 'n gedig, rap, liedjie / musiek, as stimulus en voeg komposisiestrukture by.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Besinning oor eie danservarings.<br>Besinning oor Onderwerp 2 - bewegingsekwens. | | **Dansuitvoering**<br><br>Praktiese klaswerk ter voorbereiding vir Formele Assesseringstaak.<br><br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>Bewegingsekwens ter voorbereiding vir Formele Assesseringstaak.<br><br>**Dansteorie en -geletterdheid**<br>Besinning oor eie danservarings en jaar se teoriewerk ter voorbereiding vir Formele Geskrewe Assessering. | | **Prakties en Geskrewe Formele Assessering**<br><br>**Formele Praktiese Assessering**<br>**Individuele/Dansgroepuitvoering - improvisasie en komposisie:** bemeestering en uitvoering van 'n kort danssekwens met toewyding tot beweging, fokus, musikaliteit, ruimtelike bewustheid tussen danser/s en begrip van komposisiestrukture.<br><br>**50 punte – geasseseer met 'n matriks.**<br><br>**Formele Geskrewe Assessering**<br>(Werk van Kwartaal 3 en 4)<br><br>**Dansuitvoering**<br>**Dansimprovisasie en -komposisie**<br>**Dansteorie en -geletterheid**<br>• Terminologie<br>• Elemente van dans<br>• Veilige dansoefening<br>• Dansgeletterdheid<br>• Komposisiestrukture<br>• Selfrefleksie<br><br>**Kognitiewe vlakke:**<br>Laer orde: 30%; Middelorde: 40%<br>Hoër orde: 30%<br><br>**50 punte geasseseer met 'n memorandum** | |
| **Vereiste Voorkennis** | Basiese en ontwikkelende danstegniek; verstaan begrippe soos opwarming, lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings; basiese begrip van danselemente soos tyd, krag, ruimte, vorm; verstaan en pas korrekte postuur en liggaamsbelyning toe; basiese begrip van veilige dansoefeninge; verstaan konsepte van improvisasie en komposisie en die bemeestering van dans. | | | | | | | | | |
| **Hulpbronne** (buiten handboek) **om leer te versterk** | Oop en voldoende klaskamerruimte / CD-speler / Interaktiewe Witbord / Dataprojekteerder / Skootrekenaar<br>Rekwisiete / Prente / Foto's / Stories / Gedigte / Anekdote / Kwinkslae / Video-uittreksels / Toepaslike Elektroniese Toepassings, bv. EdPuzzle; PowToons; Canva; Book Creator, ens<br><br>Lesplanne: [https://bit.ly/3k7IRS2](https://bit.ly/3k7IRS2) | | | | | | | | | |
| **Informele Assessering en Remediëring** | Voortdurende informele assessering deur middel van waarneming, leerders se voortdurende besinning in werkboeke (joernale, werkblaaie, legkaarte, vasvrae, klastoetse, ens.) wat deur die leerder self, 'n klasmaat of die onderwyser geassesseer word. | | | | | | | | | |
| | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: besin oor Kwartaal 3 se finale dansuitvoering (bewegingsekwens gebaseer op 'n stimulus) by wyse van joernaal/ werkkaart. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: hersien dansterminologie, -vaardighede en -tegnieke van vorige kwartale by wyse van breinkaarte/ werkkaarte/ diagram/ vraelys/ opvoedkundige speletjies, ens. | Maak gebruik van verskillende rekwisiete as stimuli sodat leerders temas en idees kan identifiseer en verken. Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. | Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Werkboek: hersien dansterminologie, -vaardighede en -tegnieke van vorige kwartale by wyse van breinkaarte/ werkkaarte/ diagram/ vraelys/ opvoedkundige speletjies, ens. | Maak gebruik van verskillende stimuli soos rekwisiete/ musiek/ gedigte/ aanhalings of prente sodat leerders stemming kan identifiseer en idees kan verken. Waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser om tegniek voortdurend te verbeter. Waarneming, syafrigting en leiding op komposisie-strukture: begin en einde, herhaling en **stiltes.** Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor bewegingsekwens. | Oefening, waarneming, syafrigting en leiding deur onderwyser en klasmaats na afgeronde dansuitvoering. Klasmaats assesseer bewegingsekwens – werkblad vir portuurassessering. Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor eie danservarings. | Repetisie; leiding deur onderwyser en klasmaats om 'n afgeronde dansuitvoering te verseker. Werkboek: besinning by wyse van joernaal oor finale Dansuitvoering. | Klaskamerbespreking en kritiese besinning deur die gebruik van dansterminologie wat die afgelope jaar aangeleer was. | | |
| SGA (Formele Assessering) | **Formele Assesseringstaak: Dansuitvoering en Geskrewe Assessering** | | | | | | | | | |

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM